Sondag 27 September
Skrifgedeelte: Openbaring 2:1-7
Fokusgedeelte: Openbaring 2:5

## Lig in die duisternis

Die stad Efese was bekend vir afgodsbeelde en wanpraktyke. Dink net aan die reaksie van die mense in Efese op die verkondiging van die evangelie soos ons in Handelinge 19:27 lees. Te midde van hierdie goddelose samelewing verskyn Christus aan Johannes met 'n boodskap vir sy kerk.

Hy herinner ons daaraan dat Hy ons ken – ons werke, ons stryd, en ons volharding. Die gemeente het hard gewerk om vals leraars te weerstaan en vasgestaan in geloof ten spyte van vervolging. Tog het hulle ondanks hulle goeie werke nie Christus meer so liefgehad soos in die begin nie.

Hoe lyk ons lewe en diens aan die Here? Brand ons van liefde vir ons Here Jesus Christus? Die liefde waarna Christus verwys, is liefde vir Hom wat gewys word in liefde vir mekaar. Hierdie liefde maak dat ons lig kan wees in 'n donker wêreld. As ons nie liefde het nie, is ons nie lig nie. Waarheid sonder liefde is nutteloos. Daarom moet ons onvermoeid daarna streef om Christus en ander lief te hê.

Christus herinner Efese, en ons, dat 'n gebrek aan liefde beteken dat ons gevaar loop om nie meer lig te wees nie. Christus roep ons op om terug te keer na ons eerste liefde. Wanneer ons die liefde en lig van Christus reflekteer, word Christus deur ons lewe die bron van hoop in die duisternis van die wêreld.

*Boodskap van troos en oproep tot aksie:*

Christus hou die sterre en goue lampe – die gemeentes en leiers – in sy hand. Hy regeer te midde van oënskynlike chaos. Selfs al voel ons soms hulpeloos teenoor die boosheid, moet ons onthou dat ons op Christus moet vertrou en sy liefde in ons lewens moet laat skyn.

*Sing: Psalm 22-1: 2, 4*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)*